

# KINDERWERKKAART – Markus 8:1-9

---

**Wat het jy wat Jesus wil gebruik?**



## OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Markus 8:1-9** saam met jou kind(ers) in hierdie week.
- Lê by jou kind vas dat ons elkeen iets het wat Jesus kan gebruik om mense te help
- Jesus kon uit *niks* uit vir die 4000 mense brood gee, **MAAR**
  - Hy wil dit wat sy dissipels het graag gebruik
- Hy wil dit wat **ONS** het gebruik om in mense se nood te voorsien selfs al is dit (volgens ons) min/minderwaardig
  - Die dissipels het net 7 broodjies gehad maar aan die einde tel hulle 7 mandjies vol oorskiet op
- Jesus gee die brood terug vir die dissipels dat hulle dit kan uitdeel
  - Dit is nie NET om goed te doen aan ander nie
  - Hulle kan betrokke raak in die mense se lewens deur die brood wat hulle vir Jesus gegee het
  - Hulle kan agterkom met wie kan hulle regtig 'n verhouding bou, wat dieper is as net om in hulle nood te voorsien
- Ons moet onself vra: Wat het **EK** wat God kan en wil gebruik?
- Sing saam Lied 308 – “Neem my lewe, laat dit, Heer”

### **Lied 308 (vers 1 & 2)**

Neem my lewe, laat dit, Heer

U gewy wees meer en meer.

Laat my hart gedurig juig

en in dankbaarheid getuig.

Neem my hande, maak hul sterk




diensbaar in U goeie werk.

Neem my voete, skoei hul Heer,

met bereidheid tot U eer.


## Werkkaart vir peuters en kleuters (0-4 jaar)

Kleur in en knip die broodjies en vissies uit en plak dit by die mense sodat elkeen een broodjie en een vissie het en plak die ekstras in die mandjie.



## Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Maak of jy een van Jesus se dissipels is wat Hom moet help om die broodjies en vissies uit te deel aan die skare. Verbind elke persoon met die broodjie en vissie wat regoor hulle is aan die ander kant van die doolhof. Jou lyne mag nie kruis nie.



### Wat het ek wat God kan gebruik?

Vra vir mamma of pappa om jou te help en maak 'n lys van alles wat jy dink jy het wat God kan gebruik. Dit kan enigiets wees:

<b>Wat het ek</b>	<b>Hoe kan God dit gebruik</b>
Vriendelikheid	Ek kan vriendelik wees met my maatjies en so kan hulle God se liefde deur my ervaar.